# Bybelvasvra: Het jy geweet?

### #Vraag 1:

Ons lees twee keer in die Bybel van iemand wat in ‘n mandjie gesit is. Wie was hulle gewees?

**Antwoord:** Moses (Ex 2:1-4) en Paulus (Hand 9:25)

### #Vraag 2:

Ons lees twee keer in die Bybel van manne wat se verskoning was dat hulle nie goed kon praat nie. Wie was hulle gewees?

**Antwoord:** Moses (Ex 4:10) en Jeremia (Jerm 1:6)

### #Vraag 3:

Hoe lank het die water die aarde oorstroom tydens die vloed van Noag se tyd, m.a.w. hoe lank was Noag en sy gesin saam met al die diere in die ark gewees?

**Antwoord:** 150 dae (Gen 7:24)

### #Vraag 4:

Die jongste koning in die Bybel was ‘n klein seuntjie toe hy koning geword het. Wie was hy, en hoe oud was hy gewees?

**Antwoord:** koning Joas – 7 jaar oud (2 Kon 24:1)

### #Vraag 5:

Iemand het so lank gepreek dat ‘n seun homself doodgeval het uit die venster uit. Wie het so lank gepreek?

**Antwoord:** Paulus (Hand 20:7-12)

### #Vraag 6:

Iemand in die Bybel se asem het baie sleg geruik vir sy vrou, en vir sy broers. Wie se asem was dit gewees?

**Antwoord:** Job (Job 19:17)

## #Vraag 7:

As jy ‘n sekere woord nie reg kon uitspreek nie is jy doodgemaak. Watter woord was dit gewees?

**Antwoord:** Sjibbolet (Rig 12:6)

## #Vraag 8:

Twee manne in die Bybel het gesê dat hulle vrouens hulle susters was, omdat hulle so mooi was dat hulle bang was hulle word doodgemaak vir hulle vrouens. Wie was die mans, en wie was hulle vrouens gewees? Wat was opvallend rondom die twee mans gewees?

**Antwoord:** Abraham en Sara (Gen 20:2) Isak en Rebekka (Gen 26:7) – Dit was pa en seun gewees.

## #Vraag 9:

God het drie keer met Jesus uit die hemel uit gepraat. Noem die drie kere.

**Antwoord:**
- Matt 3:17 – Die doop van Jesus
- Matt 17:5 – Die verheerliking van Jesus op die berg
- Joh 12:28 – Om Jesus te verheerlik voor die Grieke

## #Vraag 10:

Jesus gebruik twee keer die mosterdsaadjie om iets mee te vergelyk. Noem die twee goed.

**Antwoord:**
- Matt 17:20 - Geloof
- Mark 4:30-31 - Die koninkryk van die hemel

## #Vraag 11:

Elia en Elisa het drie wonderwerke in gemeen. Noem die drie.

**Antwoord:**
- 1 Kon 17:14 en 2 Kon 4:4 – Weduwees se lewensmiddele vermeerder
- 2 Kon 2:8 en 2 Kon 2:14 – Split water
- 1 Kon 17:18-22 en 2 Kon 2:32-35 – Dooies opgewek

## #Vraag 12:

Elisa en Jesus het twee wonderwerke in gemeen. Noem die twee.

**Antwoord**:
- 1 Kon 4:42-44 en Mark 6:35-44 – Vermeerdering van die brood
- 2 Kon 4:32-35 en Joh 11:43-44 – Dooies opgewek

## #Vraag 13:

Watter twee manne het op Heilige (gewyde) grond gestaan? Wie was die twee manne gewees?

**Antwoord**: Moses (Ex 3:5) en Josua (Jos 5:15)

## #Vraag 14:

Waarna verwys die bruidegom wat deur bloed beskerm word?

**Antwoord**: Die besnydenis (Eks 4:26)

## #Vraag 15:

God het drie keer volke op 'n baie ongewone manier voor die Israeliete uitgedryf. Wat het Hy gebruik?

**Antwoord**: Perdebuie (Eks 23:28 / Deut 7:20 en Jos 24:12 – 1933 vertaling)

## #Vraag 16:

Wat het God onder die immigrante in Israel ingestuur omdat hulle Hom nie vereer het nie?

**Antwoord**: Leeus (2 Kon 17:25)

## #Vraag 17:

God het by 'n paar geleenthede vir die Israeliete op ongewone maniere geveg. Noem twee van hulle.

**Antwoord**:
- 1 Sam 7:10 – deur donderweer
- Jos 10: 11 – deur haelstene
- Jos 10:12-14 – die son wat God laat stilstaan het

## #Vraag 18:

Van watter gevreesde siekte lees ons al in die Nuwe Testament?

**Antwoord**: Kanker (2 Tim 2:17)

## #Vraag 19:

Ons lees ‘n paar keer in die Bybel waar God met vuur antwoord. Gaan lees bietjie op en noem van die kere.

**Antwoord**:

- Lev 9:24 – Moses en Aaron
- 1 Kon 18:24/38 - Elia
- 2 Kon 1:10,12 - Elia
- 1 Kron 21:26 - Dawid
- 1 Kron 7:1 - Salomo

## #Vraag 20:

Ons lees in Jesaja dat God gefluit het. Waarvoor het Hy gefluit?

**Antwoord**: Vlieë en Bye (Jes 7:18)